# God se Voetspore

## Die Onmoontlike Moontlik

***deur Pieter Prinsloo***

***Die volgende gedeelte is 'n uittreksel uit die boek, "Spore van Genade". Hierdie boek vertel die ervarings van twee sendelinge wat eers in Rusland en daarna in Masedonië gewerk het.***

Na ’n kort tuisbesoek, keer ons terug na ‘ons kerk’ in Moskou. Hierdie besondere keer was ons vierde tydperk in Rusland. Met geen eie huis en haard in vooruitsig ontferm Olya* en Sasha hulle oor ons. Olya het ’n tannie met ’n groot woonstel. Haar tannie is boonop ’n Christen en Olya sal met haar onderhandel. So land ons een jaar by Dmitri en Vitya. Hulle het vir ons verblyf en ons is welkom. Dmitri beklee ’n belangrike pos by Rusland se grootste gasfirma. Dmitri is nie ’n Christen nie.

Ons was nie lank daar nie, of ons snap dat Vitya hoop ons sal vir Dmitri sommer gou-gou bekeer (Hand.26:28). Die Here het egter Sy eie tyd.

Dmitri was wel ongelowig, ja. Hy het egter die Bybel en die Boodskap geken en die Boodskap geleef. In sy motor gereeld na oudio Bybel opnames geluister. Begin jy iets uit die Bybel aanhaal, vul hy dit ewe maklik aan. Hy was net nie (voor)bereid om sy hart aan die Koning oor te gee nie. Praat ons met hom oor die Evangelie, verstaan hy alles. Maar glo? Dit is vir kinders. Sy argument was dat hy nie kan glo alvorens Christus self aan hom verskyn en ’n wonder vir hom doen nie.

Hulle dogter het wel die Here geken en aangeneem. Die seun het in sy pa se voetspore gevolg. Menigmaal het die pa met trots vertel hoe dronk sy seun by Oupa en Ouma op die datsha was. “’n Regte man,” het Pa verklaar. Ons twee het wel dikwels saam met Vitya vir haar twee mansmense gebid. Ons kon ongesteurd in Afrikaans bid; sy verstaan tog nie. Ons bid dus dat die Here in

’n wonderwerk aan hom sal verskyn en dat sy vrou nie sy pad na die hemel sal versper nie. Haar kerk het ’n menigte voorwaardes waaraan ’n nuwe bekeerling hom streng moet hou.

Dmitri het al etlike kere voor die oudstes verskyn. Nee, sy ‘droogte tyd’ is nog nie lank genoeg nie, hy kan nog nie oorweeg om Christen te word nie. Probeer maar weer. So het hulle keer op keer sy moed gebreek. Ons het hom egter nooit dronk gesien nie.

*Die Onmoontlike Moontlik*

Ons het voortdurend en baie ernstig die Heer gesmeek vir sy redding. Ons het gepleit dat die Here die onmoontlike, die onwaarskynlike in sy lewe sou doen: bekering. En die goeie Vader luister en verhoor … op ’n ingrypende wyse.

Jare later berig Sasha dat Dmitri wel wonderbaarlik tot bekering gekom het. Hy is gediagnoseer met breinkanker. Daar is ernstig vir sy lewe gebid en die Here het verhoor. Sy lewe is gespaar. Maar meer nog. Op sy siekbed het Jesus Christus self aan hom verskyn, hom aangeraak en met hom gepraat. Die wonder van sy lewe het plaasgevind: ’n ontmoeting met die Lewende God!

Al ons gebede vind guns by die Vader. Voorwaar, iemand het gesaai, iemand het natgemaak en Iemand het die saad laat ontkiem en groei. Wonderlik om onse God te aanbid, Hom te smeek en by Hom oor ’n siel te huil!

Kort daarop volg sy seun sy pa voorbeeld. Ook hy vind die Lig in die donkerste nood. Die wilde, bedorwe rykmanseun deel daarna geestelike lektuur op een van die metrostasies in Moskou uit. Loof die Koning!

Maar vir my die grootste, onbegryplikste wonder: dat ons deel kon wees van God se Raadsplan! Dat ons saam in Sy Raadskamer kon verskyn en in die bres tree (Jer.23:18).

** Name verander om identiteit van persone te beskerm*